Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark Trinitas
2018-06-17

Jona 3 & Genesis 19:12-26

God se oordeel getuig van sy genade

Inleiding:

- God is regverdig
  - Alles van God is regverdig.
    - Hy oordeel regverdig.
    - Hy red regverdig
      - Maar God straf ook regverdig.
- Ons hou vas aan hierdie geloofsfeite.
  - God se regverdigheid verander nie.
    - Daarom kan God ook nie onregverdig wees nie.
- Tog staan ons vanoggend stil by die verhale van twee plekke.
  - Aan die een kant Sodom en Gomorra, en aan die ander kant – Nineve.
  - Hulle almal sondig teen die Here.
    - Hulle verdien om deur God gestraf te word.
      - Tog word Nineve deur die genade van God gespaar, maar Sodom en Gomorra word deur swael en vuur vernietig.
- Is God dan werklik so regverdig?
  - Is God se regverdigheid teenstrydig met sy liefde en genade?
  - Hoe kan dieselfde God straf maar ook lief wees?
    - Is dit nie twee verskillende gode nie?
- Vanoggend sien ons hoe God se oordeel ‘n teken van sy genade is.

God oordeel regverdig

- Ons almal is bereid om te erken dat God oordeel.
  - Wanneer ons egter sê dat God regverdig oordeel is ons nie altyd so gewillig om saam te stem nie.
    - Ons hoor dikwels –God oordeel regverdig, maar...

    - Die voorbeeld van Nineve teenoor Sodom en Gomorra word dikwels dan gebruik juis as teenargument teen God se regverdige oordeel.
- As ons eerstens kyk na die verloop van gebeure met Sodom en Gomorra sien ons dat God twee engele stuur.
    - In Genesis 18:21 sê God self – "*Ek wil gaan kyk sodat Ek kan weet of hulle ooreenkomstig die geroep wat tot by My gekom het, gehandel het of nie."*
    - Dan stuur God hierdie twee engele na Lot toe om by hom tuis te gaan.
        - Selfs met hierdie engele se teenwoordigheid laat dit die bose inwoners van Sodom en Gomorra nie afsien van hulle verkeerde optrede nie.
- Daarom lees ons dan ook verder in Genesis 19 hoe God dan vir Sodom en Gomorra straf.
    - Die manne waarsku vir Lot en sy gesin om weg te kom uit die stad uit omdat hy vernietig gaan word.
        - So sien ons dan ook die Here se genade is nie afwesig in die verloop van hierdie verhaal nie.
    - Hy vernietig die stad heeltemaal, maar spaar vir Lot en sy gesin om weg te kom van hierdie vreeslike straf af.
- In die tyd van Jona wat baie jare na die gebeure in Sodom en Gomorra afspeel sien ons weereens dat 'n stad goddeloos optree.
    - Dit word nie vir ons uitdruklik genoem wat hierdie stad verkeerd gedoen het nie.
        - In die verdere verloop van die Ou Testament sien ons dat die klag teen Nineve en Assirië as geheel, is dat hulle afgode dien.
    - So word Jona daan opgeroep om teen hierdie stad te gaan profeteer.
        - Ons ken die verloop - hoe Jona eers probeer om te vlug, dan deur 'n vis ingesluk word, en dan draai hy terug na die Here toe.
            - In Jona 3 sien ons dan dat Jona uiteindelik in Nineve aankom en preek.
- En dan gebeur iets wat meeste profete net van kan droom.
    - Nineve luister!
    - Hulle bekeer!
    - Hulle luister na Jona en draai weg van hulle verkeerde paaie af.

        - En dan lees ons in vers 10 dat God afgesien het van die ramp wat Hy oor hulle sou bring.
            - Hy het nie die ramp gestuur nie.
    - En in plaas daarvan dat Jona alle eer aan God gee, is hy kwaad.
        - In Jona 4 lees ons dat hy aan die ooste kant van die stad gaan sit en vir hom ‘n skuling bou.
            - Van daar af kan hy stad sien en daar het hy gewag om te sien wat gebeur.
- In die verdere geskiedenis sien ons dat God Nineve nie vernietig het nie, en dat Assirië later ook die noordelike stamme weggevoer het in ballingskap.
- Tog is dit nie Jona se besluit nie.
    - Dit is nie sy voorreg of reg om te besluit wie God spaar en wie God straf nie.
        - God self het besluit dat Hy van die ramp gaan afsien wat Hy aangekondig het oor Nineve.
    - Tog het Jona steeds gaan sit en wag vir wat gaan gebeur.
- So kan ons dan onsself die vraag afvra waarop ons ongelukkig nie ‘n antwoord het nie – Het Jona daar gesit en hoop dat God dieselfde sal doen aan Nineve, as wat Hy jare tevore aan Sodom en Gomorra gedoen het?
    - Smag hy daarna dat God nie sy straf sal terugtrek nie en sy almag sal openbaar in vuur en swael en oordeel?

<u>Ons oordeel is nie God se oordeel nie</u>

- Ons het stilgestaan by die stede.
    - Tog speel die persone in beide hierdie vertellings ook ‘n belangrike rol.
        - Jona en Lot.
- Aan die een kant smeek Lot dat God die stad wat so duidelik goddeloos optree, gespaar sal word.
    - Aan die anderkant poog Jona om alles binne sy menslike vermoë te doen om God se genade te keer.
- So sien ons dat Lot glo dat God sal vergewe, en Jona is bang dat God gaan vergewe.
- Die oordeel wat beide Lot en Jona self oor Sodom en Gomorra, en Nineve uitgespreek het is nie dieselfde oordeel wat uitspreek nie.
- Lot wil vergewe, maar God straf.

- Jona wil straf, maar God vergewe.
    - So poog ons ook dikwels self om God uit te skuif en sel te bepaal wat van iemand moet word.
        - Ons wil namens God oordeel en dit bepaal hoe ons met mense omgaan.
        - Ek wil hê God moet straf, daarom weerhou ek myself om met sekeres oor die evangelie te praat.
            - Terwyl ek by ander volhard ten spyte daarvan dat hulle nie wil luister nie.
    - Hiermee sê ons nie dat ons moet ophou nie.
        - Inteendeel, verkondig die woord aan almal, en glo dat God in sy regverdigheid op die regte wyse sal oordeel.
- In Metteus 7:2 sê Jesus self: "*met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word."*
    - Lot was nie 'n Sodomiet nie.
    - Jona was nie 'n Assiriër nie.
        - Hulle was buitestaanders in die omgewing waar hulle opgetree het.
            - So kan 'n mens amper verstaan hoekom hulle wil oordeel juis soos wat hulle oordeel.
            - Tog wil hulle nie op dieselfde wyse geoordeel word nie.
    - Maar as dit nader aan die huis kom?
        - As Jona moes gaan preek in Jerusalem?
        - Sou hy steeds weggehardloop het?
- Ons vra baie "wat as" vrae waarop ons nie antwoorde het nie.
    - En as dit vir ons nader aan die huis kom?
        - Hoekom sal jy net met sekeres die evangelie deel?
    - Om die braaivleisvuur raak die atmosfeer sommer ongemaklik as iemand oor die Bybel praat.
        - Ons lag lekker saam wanneer ons grappe maak oor ras of kultuur of geslag, maar steeds wil ons self dikwels die oordeel oor ander uitspraak wat ons besluit het, en nie God se oordeel nie.
- As swael en vuur en oordeel dreig daar vuur, dan wil ons amper 'n gesindheid hê van "lekker, jy wou mos."
    - En as jy dit hier sien?

    - Wanneer dit jou mense is?
    - Wanneer dit jou stad is?
        - Wil jy dan nogsteeds hoor – lekker, jy wou mos?

<u>Troos die wêreld met God se oordeel</u>

- God openbaar Homself ook in die wyse wat Hy oordeel.
    - Daarom kan ons God se oordeel nooit losmaak van sy liefde nie.
    - Wanneer ons dan die boodskap hoor – *Troos die wêreld met God se oordeel*, klink dit dalk snaaks op die oor.
- God se oordeel is nie 'n afskrikmiddel nie.
    - God se oordeel is nie iets waarmee ons mense moet bangmaak sodat hulle glo nie, want dan is hierdie geloof vals en deur vrees gedrewe.
- Vir die ongelowige is die oordeel van God werklik iets om te vrees.
    - Dit is finaal.
        - Daar is geen wegkomkans of plek om heen te vlug nie.
- Niemand staan los van die oordeel van God nie.
    - Die uitspraak van hierdie oordeel verskil egter.
        - Elkeen gaan geoordeel word.
        - Elkeen gaan moet rekenskap gee vn dit wat hy op aarde gedoen het.
            - 2 Kor. 5:10 bevestig dit ook vir ons.
                - *Ons moet immers almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of sleg.*
                - As gelowige hoef ons daarom nie die oordeel van God te vrees nie, want Christus het vir ons reeds die straf gedra.
        - Daarom word ons omdat Christus regverdig is, ook regverdig gemaak deurdat ons in Hom is.
    - Die Heilige Gees bevestig dit ook vir ons deur die geloof wat in ons opgewek word.
        - Daarom sien ons met afwagting uit na hierdie dag van oordeel.
- Romeine 8:22-23 beskryf ook hierdie gevoel van die gelowiges in afwagting op God se oordeel.

- *Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting. En nie net die skepping nie, maar ook onswat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het.*
    - So verlang ons as gelowiges na die dag wat die oordeel hier is, sodat ons die ewige lewe kan binnegaan saam met hulle wat God geoordeel het en as regverdig verklaar.

Slot:

- God se oordeel lyk dikwels of dit teenstrydig is met die oordeel van mense.
    - Dit is nie omdat God verkeerd oordeel nie, maar dikwels omdat ons vir onsself meer reg toeken as wat ons behoort te doen.
- Daarom is ons plig nie om te oordeel nie, maar om tydig en ontydig die evangelie te verkondig, en dit ook nooit los van die oordeel nie.
    - Dan kan ons ook saam met die Nederlandse geloofsbelydenis bely:
        - *Daarom is die gedagte aan hierdie oordeel met reg ontsettend en skrikwekkend, maar vir die vromes en uitverkorenes begeerlik en troosryk. Want dan sal hulle (dit is nou ons wat glo) volle verlossing voltooi word, en hulle sal daar die vrugte ontvang van moeite en lyding wat hulle gedra het.*
        - *En as beloning uit genade sal die Here self ons so ‘n heerlikheid gee as wat die hart van ‘n mens nie kan bedink nie.*
        - *Daarom verwag ons hierdie groot dag met sterk verlange om die beloftes van God in Jesus Christus, ten volle te geniet.*